Taberna Dei Preeknota
Heilige Gees (Week 3)

Moenie die Heilige Gees blus/bedroef
Sondag, 9 Junie 2019 - NOVA

TABERNA DEI

"Toe antwoord Petrus hulle: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang."" **- Hand 2:38 (AFR83)**

i. Bekering is 'n **besluit**

ii. Doop is 'n stap van **gehoorsaamheid**

iii. Vergifnis van sonde is die **resultaat** van Christus se offer

iv. Die Heilige Gees as **gawe** is God se **belofte** aan elkeen wat tot **wedergeboorte** kom (Hand 2:33)

"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig." **- Joh 16:13 (AFR83)**

Dit is die Heilige Gees wat ons in die **waarheid** lei.

"Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13 As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God." **- Rom 8:12-14 (AFR83)**

Hoe lyk dit om deur die Gees gelei te word?

"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. 24 Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. 25 Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal." **- Gal 5:22-25 (AFR83)**

"Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie profesieë geringskat nie, maar toets dit alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is." **- 1 Tess 5:19 (AFR83)**

"En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag." **- Ef 4:30 (AFR83)**

17 "In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.
20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. 25 Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam. 26 As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie die duiwel vatkans gee nie. 28 As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. 29Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.
30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag. 31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het."
- Ef 4:17-32 (AFR83)

2. Hoe bedroef/blus ons nie die Heilige Gees nie?

i. Moet Hom nie **teenstaan** nie (dit is tot jou eie nadeel)

ii. Soek Hom **bewustelik** en met **oorgawe** aan God se wil (Heilige Gees leiding)

iii. **Belyn** jouself met God se **verlossingswerk** in jou.

iv. **Vermy konflik** tussen die Heilige Gees se leiding en God se geopenbaarde Woord

v. Word gelei deur **vrede**, wanneer jy probeer sin maak of dit God se keuse is of nie